



LAERSKOOI TUINE

Uniek... Altyd vorentoe!

Trots, waardig, doelgerig – Oë op Christus gerig!

OUEROMSENBRIEF NR. 4 van 2019

Geagte Ouers, leerders en vriende van Laerskool Tuine

1. UIT DIE HOOF SE KANTOOR:

Net 'n gedagte: Niks is 'n klein woordjie maar tog met 'n groot betekenis. Ek het daaroor gedink en tot die slotsom gekom dat NIKS tog iets is.

As jy in die woestyn kom, kan jy so maklik sê hier is niks op aarde nie. Verkeerd! Wat van die sand, die duine wat deur die wind verskuif word. As jy mooi kyk dalk nog 'n nietige ou toktokkie. Soms sit jy hier droomverlore, as iemand jou sou vra waaraan dink jy, kan jy so maklik sê, ag sommer aan niks. Weer verkeerd. Jy lewe en haal asem en jou brein is nie dood nie. Salomo in al sy wysheid het gesê niks kan nie getel word nie. Wiskunde verskil van jou, Salomo. In wiskunde word jy geleer dat as jy 2 het en jy trek 3 af dan het jy -1.

As jy iemand seergemaak het, en jy vra om verskoning, hoor jy altyd of baie keer dieselfde antwoord - toemaar dit is sommer niks. Weer verkeerd!

Daar sal nog altyd 'n letsel agterbly. Net God alleen kan volkome vergewe. Jy kan dink net soveel as wat jy wil oor die woordjie NIKS. Hoe meer jy daaroor dink hoe makliker werk jy jou stadig maar seker in 'n hoek vas.

Daar is niks wat werklik niks is nie maar uit niks het God die wêreld gemaak. Van mense wat so baie van hulself dink wil ek sê julle, julle is niks. God sê: "Laat die kindertjies na my toe kom, en moet hulle nie weier nie want aan hulle behoort die koninkryk van God". Kom ons glo kinderlik en weet verseker dat God leef. "Ons Verlosser het opgestaan". Kinders van God is nie NIKS nie, ons is Sy kinders.

Kom ons leef soos God wil hê ons moet leef.

2. PRODUKSIE 2000:

Op **14 Maart 2019** sal Produksie 2000 ons skool met 'n optrede van "Die Legkaart"/"The Puzzle" besoek, soos altyd verwelkom ons die groep met ope arms. 'n Groot legkaart word gebruik om te wys dat alhoewel die vorm van legkaart stukke verskil, die stukke (net soos leerders) wel bymekaar inpas om 'n prentjie te vorm. Die produksie sentreer rondom die skool boelie, bleeksiel ("nerd") en snob wat hulle weergawe van "Slapende Skoonheid" vir die Inter-Skole Revue Kompetisie, op die planke moet bring. Die boodskap is duidelik: Leef met en leer van mekaar. Respekteer ander se verskille en – buiten dit alles, weet wie jy is en waar jy wil inpas. Hope pret en gehoor interaksie deurgaans.

Die kaartjie prys is **R20** en moet die skool voor **13 Maart 2019** bereik.

Gustav Adolfstraat, Pretoria-Tuine, 0082

Posbus 48007, Hercules, 0030 * Tel (012) 379-4406 * Faks (012) 379-1949 032-011-NPO

Epos: jacosn@telkomsa.net suzettelaerskooltuine@gmail.com

3. FINANSIES:

GEEN KONTANT GELDE sal ongelukkig na **10:30** in ontvangs geneem kan word by die finansieskantoor nie. Kaarttransaksies kan wel plaasvind. U samewerking sal opreg waardeer word.

ONBEKENDE DEPOSITO'S:

25/1/2019 – Laerskool Tuine R700

25/1/2019 – Capitec 4290 R1800

Ouers gebruik jou familiekode as verwysing asseblief.

4. LAATKOMERS:

As u kind laat is op Maandae dan moet hulle in die voorportaal van die saal gaan sit. Ons as bestuur doen 'n beroep op u om te sorg dat u, u kind betyds by die skool sal aflaai. Elke leerder wat laat kom se ouers moet by die voorportaal aanteken dat hy/sy laat is. Die skoolbestuur moet dit dan opvolg. Dit word deur die Departement vereis dat daar 'n gesprek gevoer word met die ouers. Dit neem baie tyd in beslag.

5. DRINGENDE VERVOER BENODIG:

Ons soek dringend skoolvervoer vir **Elenna Rietvelt in Graad 2V.**

Adres: Bohlmanstraat 255, Hermanstad.

Magrietha (Moeder) 078 128 3042

6. BULLETTJIERUGBY:

31 Januarie 2019, Bullettjierugby vergadering om 18:00 in die saal.

7. ATLETIEK:

Baie dankie aan elkeen wat deelgeneem het. Ons het die byeenkoms gewen. Sodra ons 'n amptelike brief ontvang met die name van die atlete wat gaan deelneem, sal ons dit vir u deurgee. Baie geluk aan die 9 atlete wat Saterdag gaan deelneem aan die top 10 byeenkoms by Hoërskool Waterkloof.

8. ADVERTERING – JAARBOEK

Indien u deel wil wees van ons eerste jaarboek in ons skool se geskiedenis, is hierdie u geleentheid. Kontak Annelize op 082 653 5819 rakende enige navrae vir advertensie plasing.

9. SKAAK:

Die skaak sal Dinsdag, 29 Januarie 2019 begin.

OEFENTYE:

Dinsdae 13:40 tot 15:00 – 0/7 tot 0/9

Woensdae 13:40 tot 15:00 – 0/10 tot 0/13

Donderdae 13:40 tot 15:00 – 0/9 tot 0/13

10. ANGEL PROJEK

Ons wil graag weer hierdie projek volstoom aanpak hierdie jaar. Die projek behels dat ons onbederfbare voedsel in sal samel waarmee ons dan behoeftige gesinne kan help en ondersteun. Enige skenkings kan na Juffrou Ilse toe gestuur word. Volgende maand sal elke graad 'n spesifieke produk kry om te bring. Ingesluit is 'n lys van items wat dringend benodig word. As elke maatjie 'n item bring, maak ons 'n groot verskil in 'n gesin se lewe.

Gustav Adolfstraat, Pretoria-Tuine, 0082

Posbus 48007, Hercules, 0030 * Tel (012) 379-4406 * Faks (012) 379-1949 032-011-NPO

Epos: jacosn@telkomsa.net suzettelaerskooltuine@gmail.com

LYS VAN BASIESE GOEDJIES WAT ONS BENODIG:

Pasta/Spaghetti	Olie	Seep
2min Noodles	Mieliemeel	Handy Andy
Rys	Sout	
Soppoeier	Suiker	
Soya mince	Poeiermelk	
Koekmeel	Koffie/Tee	
Heist	Cup a soup	
Blikkieskos	Tandepasta	

Baie dankie aan **ALMAL** wat bereid is om te help!

11. **WAGHOK:**

Die waghok leerders kom na skool by die voorkant van die saal op die sementvierkant bymekaar tot verdere kennisgewing.

12. **WÊRELD “HARDOP- LEES- DAG” 2019**

1 Februarie 2019, vier ons skool “Hardop-lees-dag”. Ons gaan almal môre oggend in aktiwiteitsperiode in hul registerklasse lees. Ons vra dat alle leerders môre ’n leesboek of tydskrif saambring om te lees. As u enige boeke het wat u kinders nie meer lees nie, is u welkom om dit saam te stuur en dan gaan ons ’n boekruiling hou, waar die leerders hul ou boeke met hul maats kan ruil vir ’n boek wat hul graag wil lees. Let wel - wanneer ’n boek geruil word is dit ’n permanente ruiling.

13. **“SNAPIT” SKOOL EN SPORT WINKEL:** U kan nou “Snapit” telefonies kontak.

TYE:

Maandae 07:00 tot 15:00

Dinsdae 10:00 tot 17:00

Woensdae 07:00 tot 15:00

Donderdae 10:00 tot 17:00

Vrydae 07:00 tot 15:00

1ste en laaste Saterdag van die maand 08:00 tot 10:00.

Skakel die skool by (012) 379-4406/7 en ons skakel u deur.

Kontak persoon: Corné Wiechers - 082 334 0265

MNR. PJ SNYMAN
HOOF